NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop van korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering. Dit moet ongeveer 800 tot 900 woorde lank wees.

TEMA DIE KOUE OORLOG

VRAAG 1

In watter mate was Fidel Castro verantwoordelik vir die Kubaanse Missielkrisis van 1962?

Nasieners moet ALLE argumente wat kandidate gee, oorweeg en krediteer waar die gegewe bewyse beduidend en geldig is.

Konteks:

Toenemende spanning in 1950's:
- volmagoorloë het in die laat 1950's wêreldwyd uitgebrei
- vestiging van 'invloedsfere'
- volgehoue waagmanskap tussen die USSR en die VSA
- USSR bereik kernvermoë in die middel van die 1950's – groei van idees van *'Onderling Versekerde Vernietiging*'

Konteks moet verkieslik geïntegreer wees in die opstel om 'n raamwerk vir argumentering te skep.

Kuba tot 1961:
- beheer van Kubaanse regering deur VSA-marionette
- Die VSA onderhou 'n groot vlootbasis in Guantánamo-baai
- Amerikaanse maatskappye beheer ekonomie – VSA koop grootste deel van uitvoer-suiker
- 'n paar ryk Kubaanse-families oorheers – *oligargie*
- die meerderheid Kubane is arm en ongeletterd/nypende tekort aan onderwys- en maatskaplike dienste
- Fulgencio Batista vanaf 1962 aan bewind – skaf die grondwet af en onderdruk opposisie – ondersteun deur weermag, grondeienaars en rykes
- Fidel Castro lei 'n rewolusie van werkers en boere – Batista word omvergewerp en Castro kom Havana in Januarie 1959 binne – sosialistiese agenda van nuwe regering
- *USSR skenk min aandag aan Castro en rewolusie* – Kuba word beskou as in die Westerse 'invloedsfeer'
- Castro implementeer sosialistiese beleid: maatskaplike beleid/nasionalisering van nywerhede/kollektivering van plase – vra hulp van die VSA – VSA weier hulp – *Castro vra hulp by USSR*
- Amerikaanse ondernemings plaas druk op regering om op te tree – VSA verbied suiker-invoere en verbreek diplomatieke bande – immigrasie van welgestelde Kubane na die VSA
- *Castro begin handelsonderhandelinge met die USSR* – aankoms van Sowjet-tegnici en adviseurs – VSA bang vir 'n kommunistiese Kuba – aangemoedig deur Kubaanse emigrante

IEB Copyright © 2021

- Die Eisenhower-administrasie beplan om Castro omver te werp – die gebruik van Amerikaanse militêre magte en Kubaanse ballinge – Castro vrees omverwerping deur VSA – soek steun en beskerming by die USSR
- Kennedy gee in Januarie 1961 toestemming vir inval – 'Bay of Pigs' – Amerikaanse magte maklik verslaan deur Kubaanse magte
- *Kuba in 1961 tot 'n sosialistiese republiek verklaar*
- Amerikaanse optrede laat Castro nader aan die Sowjetunie beweeg – diplomaties en ekonomies

Gebeure tot Oktober 1962:
- Sowjetunie begin missielbasisse in Kuba oprig as vergelding vir Amerikaanse basisse in Turkye
- Oktober 1962 – Amerikaanse spioenvliegtuigfoto's onthul die missielbasisse vir interkontinentale ballistiese missiele wat vanaf die USSR vervoer word – het die vermoë om groot Amerikaanse stede te bereik
- Kennedy stel EXCOM op – adviseer oor 'n aantal moontlike reaksies: inval/lugaanval/ diplomasie/onttrekking/blokkade
- Kennedy gelas 'n vlootblokkade van Kuba
- Chroesjtsjof is nie bereid om oorlog te waag nie – Sowjet-skepe beveel om terug te draai
- *Castro word grotendeels tydens die krisis misken*

Gevolge na Oktober 1962:
- Kennedy en Chroesjtsjof *bereik 'n ooreenkoms*:
  - USSR sou Kubaanse basisse afbreek in ruil daarvoor dat die VSA Turkse basisse verwyder
  - 'noodlyn' tussen Withuis en Kremlin ingestel
  - Test Ban-verdrag van 1963 poog om kernwapens te beperk
- USSR en VSA gaan tydperk van *détente* binne – 'ontdooiing' van verhoudings tussen Oos en Wes – *stabilisering van verhoudings*

OF

TEMA DIE KOMS VAN DEMOKRASIE

VRAAG 2

In watter mate het die Waarheids-en-Versoeningkommissie sy doelwitte bereik?

Nasieners moet ALLE argumente wat kandidate gee, oorweeg en krediteer waar die gegewe bewyse beduidend en geldig is.

Konteks:
- Die **WAARHEID-EN-VERSOENINGKOMMISSIE** is deur die GNE gestig nadat die Nasionale Eenheid en Rekonsiliasiewet in 1995 deurgevoer is
- Die voorsitter was Desmond Tutu, met Alex Boraine as vise-voorsitter
- Werk begin in 1996 met openbare verhore landswyd
- 22 000 slagoffers getuig tydens die verhore

Konteks moet verkieslik geïntegreer wees in die opstel om 'n raamwerk vir argumentering te skep.

IEB Copyright © 2021

Inhoud:

- WVK poog om:
  - die oorsake en omvang van **menseregteskendings** onder die apartheidsregering tussen 1960 en 1994 te ondersoek
  - **vergoeding** vir slagoffers aan te beveel
  - op sekere voorwaardes **amnestie** aan oortreders te verleen waar individue en partye 'n volledige en openbare getuienis van hul optrede moet lewer
  - die misdade van apartheid te hanteer op grond van 'n beginsel van **herstellende geregtigheid** in 'n poging om **nasionale versoening** te bevorder

- Drie komitees is deur die WVK ingestel:
  - **Menseregte-vergrypekomitee** – daarop gemik om slagoffers toe te laat om te getuig
  - **Reparasie- en Rehabilitasiekomitee** – ondersoek stories en verleen steun, party ontvang vergoeding vir verliese
  - **Amnestiekomitee** – kan amnestie aan oortreders verleen in ruil vir volle openbaarmaking as hulle politieke motivering kan bewys
  - WVK ondersoek diegene wat vir die regering en bevrydingsbewegings gewerk het
- WVK **sukses** bevraagteken:
  - Kwessie van menseregteskendings:
    - sommige oortreders ignoreer die verrigtinge of verskyn nie, beskou WVK as 'n heksejag, slagoffers en gesinne voel dat geregtigheid nie geskied het nie
  - Kwessie van reparasie:
    - baie omstrede, verskillende sienings oor reparasie; teen 1998 is slegs 1000 eise verwerk; dié wat vergoed moes word, het nie altyd vergoeding ontvang nie, omdat die regering dit nie kon bekostig nie
    - party vergoeding het bestaan uit nie-finansiële voordele soos doodsertifikate wat afsluiting moontlik kon maak
    - sommige het geglo dat oortreders moes betaal
  - Kwessie van amnestie:
    - baie omstrede, slagoffers en gesinne dink dat oortreders straf vryspring en loskom, misdadigers gebruik die proses om vryheid te verkry, gebrek aan berou bevraagteken
    - slegs 1167 aansoeke uit 7116 het amnestie ontvang – amnestie was 'n politieke kompromie – senior amptenare soos PW Botha en Magnus Malan het enige straf ontkom
  - Kwessie van rekonsiliasie:
    - moeilik om te beoordeel, oortreders het vergifnis gevra, Tutu as voorsitter het die Christelike beginsel van vergifnis beklemtoon, baie slagoffers en gesinne wou geregtigheid eerder as net die waarheid hê
  - Kwessie van selektiewe fokus:
    - WVK fokus op menseregteskendings in die 1980's en ignoreer baie ander kwessies
    - WVK kon mense dagvaar, maar verkies om dit nie te doen nie ter wille van versoening of politieke kompromie; die fokus van WVK was individue en nie instellings nie – baie maatskappye was medepligtig aan apartheid – geen dwang om te getuig of verkeerde optrede te erken nie
  - Kwessie van versoening:
    - tussentydse verslag teen 1998
    - finale verslag met amnestie-aansoeke teen 2003, kritiek van alle kante van vooroordeel en gebrek aan optrede, versoening is nie bereik nie, maar die proses het begin

IEB Copyright © 2021

OF

TEMA DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT OP HEDE

VRAAG 3

In watter mate word die globale ekonomie deur Westelike kapitalistiese organisasies oorheers?

Nasieners moet ALLE argumente wat kandidate gee, oorweeg en krediteer waar die gegewe bewyse beduidend en geldig is.

Konteks:
- beweging van mense, inligting, beleggings, goedere en dienste dwarsoor die wêreld
- gereflekteer in die integrasie van ekonomieë
- sleutelkenmerke sluit in:
  - kleiner afstande as gevolg van tegnologie
  - beskikbaarheid van inligting
  - verdwyning van grense
  - migrasie van mense
  - ontwikkeling van 'n globale kultuur
  - oorheersing van globale ondernemings
- stigting van Wêreldbank, Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldhandelsorganisasie

Konteks moet verkieslik in die opstel geïntegreer wees om 'n raamwerk vir argumentering te skep.

Inhoud:
Hoe het Westerse kapitalisme begin domineer?

- **Internasionale Monetêre Fonds (IMF)**
  - in 1944 gestig
  - lenings verskaf in ooreenstemming met voorwaardes soos deur die Strukturele Aanpassingsprogramme (SAP's) uiteengesit
  - SAP's het gepoog om die ekonomie te verbeter deur staatsbesteding te besnoei
    - gevolglik word staatsdiensposte besnoei
    - privatisering van staatsondernemings – Westerse maatskappye neem beheer
      - *lei tot dominering van Westerse kapitaal*
      - verlies van poste deur meganisasie of likwidasie van maatskappye
    - SAP's vereis voorkeurhandelsooreenkomste en tariewe vir Westerse maatskappye
      - toenemende beheer oor invoere en uitvoere – *min finansiële voordeel vir die land*
    - SAP's vereis goeie bestuurstrukture
      - verlies van nasionale soewereiniteit – *versterk beheer van Westerse kapitaal*
  - internasionale banklenings afhanklik van IMF kredietgradering – *verhoog beheer deur IMF*

- **Wêreldbank (WB)**
  - opgestel om met rekonstruksie na 1945 te help
  - 184 lede
  - lande kry langtermynlenings teen lae rentekoerse vir projekte (hoofsaaklik infrastruktuurontwikkeling)

- **Wêreldhandelsorganisasie (WHO)**
  - oorspronklik die Algemene Ooreenkoms op Handel en Tariewe (GATT) van 1947 tot 1995
  - bevorder vrye handel deur handelsversperrings te verminder wat handel in landbou, minerale en vervaardiging belemmer
  - bevorder vrye handel in dienste: bankwese, telekommunikasie en reis
  - lande wysig wette in ooreenstemming met WHO-bepalings
  - oorheers deur G8
  - WTO word deur G20 teengestaan – hoofsaaklik in die 'Suide'

Hoe suksesvol het die wêreld op die oorheersing van Westerse kapitalisme reageer?

- *toenemende beheer* van wêreldekonomie duideliker
- *groter integrasie* van ekonomieë – maar *toenemende afhanklikheid* van ontwikkelende lande op Westerse kapitalistiese organisasies en ekonomiese bystand
- *verdiep die noord-suid skeiding/armoedegaping*
- *kritiek van oorheersing neem toe*
  - anti-globalisasiebeweging – staan 'neo-kolonialisme' teen
  - optogte en protes teen oorheersing van IMF/WB/WHO
  - 'Billike handel'-beweging om billike prosesse vir produseerders in ontwikkelende wêreld te verseker – gebruik van verbruikerskrag – *uitdagings vir globale ekonomie*

IEB Copyright © 2021

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFSTUK

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Skryf 'n uitgebreide skryfstuk wat jou eie kennis toon en waarin jy ook na die stimulus kan verwys. Dit moet ongeveer 350 tot 400 woorde lank wees.

TEMA DIE KOUE OORLOG

VRAAG 4

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe gebeure in Berlyn van 1948 tot 1949 bygedra het tot verhoogde spanning gedurende die Koue Oorlog:

(a) **Wat het tot die Berlynse Blokkade van 1948 gelei?**

(b) **Hoe het die Verenigde State op die Berlynse Blokkade gereageer?**

(c) **Wat was die onmiddellike impak van die Berlynse Blokkade op Oos-Wes-verhoudings na 1949?**

Konteks:
- Nazi-Duitsland teen Mei 1945 oorwin
- Geallieerde invalle uit weste en ooste lei tot besetting van Europa
- Westerse bondgenote as 'bevryders' beskou
- Sowjet bondgenote dwing streng beheer op geokkupeerde Europa af – steun vir plaaslike kommuniste neem toe
- Oorsake van botsing tussen VSA en USSR – teenstrydige politieke ideologieë (wedywerende sosiale en ekonomiese stelsels)
- VSA implementeer Marshall-plan, naamlik Europese Herstelprogram
- VSA implementeer 'n beleid van insluiting

Berlynse Krisis, 1948 tor Mei 1949
- Weste implementeer ekonomiese hervormings in hul sones – Weste gebruik Berlyn vir propagandadoeleindes – Westerse valutahervormings bots met Sowjet-bedoelings van herstel
  - Stalin blokkeer Berlyn – alle paaie, spoorlyne en kanale deur Sowjette geblokkeer: poog om VSA en Westerse moondhede te verdryf
  - VSA en Weste kom voor verskeie opsies te staan:
    - oorgawe van Wes-Berlyn
    - raak by diplomasie betrokke
    - militêre betrokkenheid om Wes-Berlyn te help
      – alles het oorlog of militêre vernedering tot gevolg – kies lugbrug
- Wes-Berlyn deur lug voorsien – alle bronne deur lugkorridors ingebring
  - Berlynse Lugbrug as 'n doeltreffende inperking beskou van die Sowjette se poging om uit te brei, maar vestig 'n gespanne balans tussen VSA en die USSR – groter verdeeldheid tussen supermoondhede
  - Die USSR ly ge*en verlies aan invloed nie*

IEB Copyright © 2021

Twee Duitslande:
- Duitse Federale Republiek – drie Westerse sones verenig in Mei 1949 – gelei deur Konrad Adenauer
- Duitse Demokratiese Republiek – Sowjet-sone word in Oktober 1949 'n soewereine land – gelei deur Walter Ulbricht

Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NATO), 1949
- in die lig van die Berlynse Krisis en die militêre groei van die USSR
- VSA sien toenemende bedreiging vir Europa – moet verseker dat die Sowjette nie kon uitbrei nie
  - verdedigende alliansie onderteken tussen Wes-Europese en Noord-Amerikaanse lande – wapens en basisse voorsien om Europa te beskerm
  - *Sowjet se invloedsfeer word deur NAVO uitgedaag* – druk om te reageer kenmerk verhoudings na 1949

OF

TEMA DIE KOMS VAN DEMOKRASIE

VRAAG 5

Verduidelik die regtervleuel en die linkervleuel se pogings om die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994 te ontwrig deur die volgende vrae te beantwoord.

(a) **Hoekom wou die regtervleuel en die linkervleuel die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994 ontwrig?**

(b) **Hoe het die regtervleuel en die linkervleuel gepoog om die onderhandelings-proses tussen 1990 en 1994 te ontwrig?**

(c) **Watter impak het hierdie pogings tot ontwrigting gedurende die onderhandelingsproses op Suid-Afrika gehad?**

Konteks:
- Onderhandelingsproses begin in 1990
- CODESA in 1992 gestig – regse en linkse politieke partye, bv. Konserwatiewe Party/Pan-Africanist Congress/AZAPO boikot onderhandelings:
  - poog om onderhandelingsproses te ontspoor om politieke agendas te bevorder
  - gevoel van disenfranchisement
  - verlies aan verteenwoordiging
  - bedreig deur oorheersing van ANC en NP tydens die onderhandelingsproses

IEB Copyright © 2021

Linkse optrede:

- Azanian Peoples' Liberation Army (APLA) – ekstremistiese vleuel van PAC – pleeg 'n aantal dade van geweld
  - burgerlikes word in Desember 1992 by die King William's Town Golf Club afgemaai en vier mense sterf
  - val burgerlikes in die Highgate Hotel in Oos-Londen aan en dood vyf, Mei 1993
  - St James Kerk-bloedbad, Julie 1993
  - Heidelberg-taverne, Desember 1993
  - *Ontspoor nie die proses nie, ondanks die dood van burgerlikes*

Regse optrede:

- Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB)
  - Onder leierskap van Eugène Terre'Blanche
  - Bots met polisie in Slag van Ventersdorp, Augustus 1991
    - bestorm WHS, Junie 1993
    - 2000 lede bestorm die vergadering
    - rig skade aan
  - Misluk in hul poging om Veelparty-onderhandelingsforum te ondermyn – ander partye is oortuig daarvan dat *'n ooreenkoms bereik moet word*
- Chris Hani vermoor in April 1994
  - Vermoor deur J Waluś en C Derby-Lewis – regse ondersteuners
  - Hani se dood lei tot woede en opstand in townships
  - Linkse organisasies dreig om onderhandelingsproses te verlaat
  - Mandela doen 'n beroep om kalmte op televisie – *regses slaag nie daarin om proses te ontwrig nie*
- Mangope (Bophuthatswana) en Gqozo (Ciskei) weier om tuislande te integreer
  - Vrees om posisies en voorregte te verloor
  - Lucas Mangope, president van Bophuthatswana, verwerp die Onafhanklike Verkiesingskommissie se voorsitter, Regter Johann Kriegler, se pleidooi vir vrye politieke aktiwiteite in die tuisland
  - Vorm saam met ander konserwatiewes die Concerned South Africans Group (COSAG)
  - *Mangope en Gqozo gedwing om uit te tree nadat staatsdiens en weermag begin staak*
  - *AWB se 'inval' ter ondersteuning van Bop, Maart 1994, misluk*

OF

IEB Copyright © 2021

TEMA DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT DIE HEDE

VRAAG 6

Verduidelik, deur die volgende vrae te beantwoord, hoe die hervormingsbeleid van Glasnost en Perestroika gelei het tot die ineenstorting van die Sowjetunie:

(a) **Wat het in die 1980's gelei tot die implementering van Glasnost en Perestroika in die Sowjetunie?**

(b) **Op watter wyse moes Glasnost en Perestroika die Sowjetunie in die 1980's hervorm?**

(c) **Watter impak het Glasnost en Perestroika op die Sowjetunie en die Oosblok gehad?**

Konteks:
- Gorbatsjof kom in 1985 aan bewind
- USSR staar leierskapkrisis in die gesig
- voortgesette militêre konflik – impak op Rusland en moraal van Russe
  - oorlog in Afganistan – enorme lewensverlies – Sowjette nie in staat om rebelletroepe te oorwin nie
  - Koue Oorlog – ekonomiese dreinering van ekonomie – produksie en onderhoud toenemend uitdagend
- ekonomiese krisis in die USSR – bevelsekonomie nie meer volhoubaar nie – stagnering en opkoms van die swart mark
- groei van nasionalisme in Sowjetrepubliek en in Oos-Europa
- Gorbatsjof besef daar is 'n behoefte aan hervorming

Glasnost:
- 'openheid'
- laat mense toe om te praat – mag regering vrylik kritiseer sonder enige reperkussies
- sensorskap ontban – vryheid van uitdrukking in kuns, letterkunde, teater en die media – debat aangemoedig – intellektuele stimulasie
- hervorming – kommunistiese stelsel nie ondermyn nie
- geskiedenis van USSR bevraagteken – argiewe geopen
- vrye verkiesings in Sowjet-republieke gehou
- gebruik van geweld as dwang verminder

  … maar …
  - meer vryheid lei tot *groter kritiek* – teen en vir hervormings
  - landswye protes teen hervormings *vermeerder*
  - nasionalistiese en godsdienstige groepe *eis meer vryhede*
  - *ook toenemende opposisie* teen hervormings

  … dus …
  - *verlies van beheer* deur Kommunistiese Party
  - verkiesings lei tot opkoms van nasionaliste – *toenemende eise* vir outonomie
  - opkoms van populêre bewegings lei tot weerstand – Baltiese state verklaar onafhanklikheid teen Maart 1990 – *verbrokkeling* van die USSR begin

IEB Copyright © 2021

- Oos-Europese state *daag* Sowjet-beheer *uit* – kommunistiese regering met min Sowjet-weerstand omvergewerp – Berlynse muur in November 1990 afgebreek – verlies van satellietstate – Warskou-verdrag rafel uit

Perestroika:

- 'herstrukturering'
- gemik op heropbou van Sowjet-ekonomie
- hervorm – nie vervang – kommunistiese stelsel
- skuif die ekonomie van staatsbeheer of sentrale beplanning na 'n markekonomie
- privaatbesighede toegelaat om te bestaan – eie besluite oor pryse en produksie
- skep nuwe bank om privaat besighede te finansier
- staatsubsidies teruggetrek – realistiese pryse – groei van winste
- buitelandse beleggings aangemoedig

  … maar …
  - sonder staatsondersteuning en beheer *val* stelsels *uitmekaar*
  - pryse en lewenskoste *verhoog* – Sowjet BBP *neem af*
  - voedsel- en behuisingstekorte *duur voort*
  - inflasie en buitelandse skuld neem *skerp* toe

  … dus …
  - *toenemende* openbare ontevredenheid
  - tekortkoming van die hervormings *dra by tot die ekonomiese agteruitgang*
  - *toenemende kritiek op Gorbatsjof – min ekonomiese groei*
  - mense *krities* oor glasnost
  - poging tot staatsgreep deur konserwatiewes in Augustus 1991 – misluk as gevolg van teenstand van mense en leierskap van Jeltsin – aankondiging van die ontbinding van die USSR op 26 Desember 1991

Demokratisering:

- poging om Sowjet-politiek te laat herleef
- demokratiese verkiesing van kandidate in kommunistiese deel van USSR

  … maar …
  - lei tot verdere oproepe vir demokratiese prosesse
  - ondermyn Marxistiese beginsels van die USSR

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2021